



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Regulation Gazette

No. 11571

Regulasiekoerant

Vol. 694

14

April

2023

April

No. 48419



N.B. The Government Printing Works will
not be held responsible for the quality of
“Hard Copies” or “Electronic Files”
submitted for publication purposes

ISSN 1682-5845



9 771682 584003

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE:

THE GOVERNMENT PRINTING WORKS WILL NOT BE HELD RESPONSIBLE FOR ANY ERRORS THAT MIGHT OCCUR DUE TO THE SUBMISSION OF INCOMPLETE / INCORRECT / ILLEGIBLE COPY.

NO FUTURE QUERIES WILL BE HANDLED IN CONNECTION WITH THE ABOVE.

Contents

No.	Gazette No.	Page No.
-----	-------------	----------

PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES**Justice and Constitutional Development, Department of / Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Departement van**

R. 117	Domestic Violence Amendment Act (14/2021): Commencement of the Act.....	48419	3
R. 117	Wysigingswet op Gesingsgeweld (14/2021): Inwerkingtreding van die Wysigingswet	48419	4

GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**Justice and Constitutional Development, Department of / Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Departement van**

R. 3281	Domestic Violence Act (116/1998): Tariff for Electronic Communication Service Providers.....	48419	5
R. 3281	Wet op Gesingsgeweld (116/1998): Tariewe vir Elektroniese Kommunikasiediensverskaffers	48419	5
R. 3282	Domestic Violence Act (116/1998): Directives in terms of section 18A of the Act.....	48419	6
R. 3282	Wet op Gesingsgeweld (116/1998): Voorskrifte ingevalgelyk artikel 18A van die Wet	48419	10
R. 3283	Domestic Violence Act (116/1998): Determination of value of weapon in terms of section 9(3) of the Act.....	48419	14
R. 3283	Wet op Gesingsgeweld (116/1998): Vasstelling van waarde van wapen ingevalgelyk artikel 9(3) van die Wet	48419	14

PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES

PROCLAMATION NOTICE 117 OF 2023

NO. R. 117

14 April 2023

by the President of the Republic of South Africa

COMMENCEMENT OF THE DOMESTIC VIOLENCE AMENDMENT ACT, 2021

Under section 28(1) of the Domestic Violence Amendment Act, 2021 (Act No. 14 of 2021), I hereby fix 14 April 2023 as the date on which the said Act, with the exception of section 6A, comes into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this 6th day of April Two thousand and twenty-three.

**MC Ramaphosa
President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**RO Lamola
Minister of the Cabinet**

PROKLAMASIE KENNISGEWING 117 VAN 2023**NO. R. 117****14 April 2023****van die President van die Republiek van Suid-Afrika****INWERKINGTREDING VAN DIE WYSIGINGSWET OP GESINSGEVELD, 2021**

Kragtens artikel 28(1) van die Wysigingswet op Gesinsgeweld, 2021 (Wet No. 14 van 2021), bepaal ek hierby 14 April 2023 as die datum waarop die genoemde Wet, met uitsondering van artikel 6A, inwerking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die 6^{de} dag van April Tweeduiseend-drie-en-twintig.

**MC Ramaphosa
President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**RO Lamola
Minister van die Kabinet**

GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

NO. R. 3281

14 April 2023

DOMESTIC VIOLENCE ACT, 1998

TARIFFS OF COMPENSATION IN TERMS OF SECTION 5B(9) OF THE DOMESTIC VIOLENCE ACT, 1998, PAYABLE TO ELECTRONIC COMMUNICATIONS SERVICE PROVIDERS

I, Ronald Ozzy Lamola, the Minister of Justice and Correctional Services, under section 5B(9) of the Domestic Violence Act, 1998 (Act No. 116 of 1998), hereby prescribe a tariff of—

- (a) R150 for providing the information referred to in section 5B(1)(b) to the court;
- (b) R150 for providing the information contemplated in section 5B(7) to the respondent; and
- (c) R150 for removing or disabling access to the electronic communication which was used to commit an act of domestic violence, as contemplated in section 5B(6)(a), which tariffs are inclusive of value-added tax.

**MR R O LAMOLA, MP
MINISTER OF JUSTICE AND CORRECTIONAL SERVICES
DATE: 31 MARCH 2023**

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

NO. R. 3281

14 April 2023

WET OP GESINSGEWELD, 1998

TARIEWE VIR VERGOEDING INGEVOLGE ARTIKEL 5B(9) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998, AAN ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIEDIENSKAFFERS

Ek, Ronald Ozzy Lamola, die Minister van Justisie en Korrektyiewe Dienste, skryf hierby, kragtens artikel 5B(9) van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998), 'n tarief voor van—

- (a) R150 vir voorsiening van die inligting in artikel 5B(1)(b) bedoel aan die hof;
 - (b) R150 vir voorsiening van die inligting in artikel 5B(7) beoog aan die respondent; en
 - (c) R150 vir die verwydering van, of deaktivering van toegang tot, die elektroniese kommunikasie wat gebruik is om 'n handeling van gesinsgeweld te pleeg, soos beoog in artikel 5B(6)(a),
- welke tariewe belasting op toegevoegde waarde insluit.

**MNR RO LAMOLA, LP
MINISTER VAN JUSTISIE EN KORREKTIEWE DIENSTE
DATUM: 31 MAART 2023**

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**NO. R. 3282****14 April 2023****DOMESTIC VIOLENCE ACT, 1998 (ACT NO. 116 OF 1998)****DIRECTIVES IN TERMS OF SECTION 18A OF THE DOMESTIC VIOLENCE ACT, 1998**

The Director-General: Justice and Constitutional Development has, in terms of section 18A of the Domestic Violence Act, 1998 (Act No. 116 of 1998), issued the directives in the Schedule.

SCHEDULE**Definitions**

1. In these directives any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act or the Regulations has that meaning and, unless the context otherwise indicates—

'**after-hours**' means the hours outside of the normal court hours, including tea and lunch times, weekends and public holidays;

'**Code**' means the Code of Conduct for clerks of courts dealing with domestic violence;

'**Director-General**' means the Director-General: Justice and Constitutional Development;

'**e-justice system**' includes, but is not limited to, the integrated case management system, online portal, integrated electronic repository, protection order management system and virtual hearings;

'**the Act**' means the Domestic Violence Act, 1998 (Act No. 116 of 1998); and

'**the Regulations**' means the Domestic Violence Regulations made in terms of section 19 of the Act.

Compliance with Act and Regulations

2. (1) Court managers must ensure that office managers, supervisors and clerks of the court—

- (a) receive updated copies of the Act, the Regulations, the Code and these directives; and
- (b) obtain a working knowledge of, and are able to apply, the Act, the Regulations, the Code and these directives.

(2) The court managers, office managers, supervisors and clerks of courts must—

- (a) comply with their obligations in terms of the Act, the Regulations, the Code and these directives; and
- (b) attend annual training on the Act, the Regulations, the Code, these directives and the e-justice systems and social context.

(3) Court managers must ensure that—

- (a) office managers, supervisors and clerks of courts have access to all notices and forms contemplated in the Act and Regulations;
- (b) copies are available to complainants or persons applying on behalf of complainants;
- (c) supervisors and clerks of courts have the necessary equipment to deal with online applications, virtual hearings and after-hours applications;
- (d) all equipment is in a proper working order;
- (e) an interpreter is arranged for any person who needs an interpreter when applying for a protection order, or during the hearing of any application; and

- (f) an intermediary is arranged for any person who needs an intermediary during the hearing of any application.

Availability of supervisor and clerk of court to receive applications for protection orders after-hours

3. (1) The court manager must compile an after-hours duty roster for each month.

(2) The supervisors and clerks of the courts must comply with the roster.

(3) The court manager must—

- (a) send the updated monthly roster to the station commanders of the local police stations;
 (b) ensure that it is displayed on the notice board of the court; and
 (c) post it on the website of the Department of Justice and Constitutional Development.

(4) The monthly roster must contain the following:

- (a) the contact details of all allocated personnel for each shift with times, day, week or month;
 (b) the name and contact details of the supervisor and clerks on duty for each allocated shift with times, day, week or month;
 (c) the name and contact details of the court manager and office manager who can be contacted in case of emergency, or when the clerk of the court or supervisor cannot be found, who must assist with applications for protection orders; and
 (d) the online portal information.

(5) The contact details must include a telephone or cell phone number and an email address, where they can be contacted afterhours.

(6) The court manager must ensure that the clerk of the court who is on after-hours duty is allocated the necessary equipment to be able to deal with after-hours applications, including applications received electronically or on the online portal.

(7) The supervisor and clerk of the court designated to perform duties in terms of the Act after-hours must at all allocated times in terms of the monthly roster be available to be contacted telephonically or electronically, to receive an application for a protection order and to perform any other duty imposed on a clerk of the court in terms of the Act, the Regulations and these directives.

(8) The supervisor on duty or, if not present, the court manager on duty is responsible for contacting a magistrate who has been designated to consider an urgent application for a protection order which is brought after-hours.

Assistance to be rendered by clerk of court to complainant or person who applies for protection order and who is not represented by a legal representative

4. (1) In terms of section 4(2) of the Act and regulation 8 of the Regulations it is imperative that the information notice (Form 1 of the Annexure to the Regulations), be handed to the complainant or person who applies for a protection order on behalf of the complainant and who is not represented by a legal practitioner.

(2) The information notice must be furnished to the complainant or the person who applies for a protection order on behalf of the complainant in the official language of the choice of complainant or that person, if available or that they understand.

Assistance to be rendered by clerk of court to complainant or person not represented by legal practitioner in completion of application for protection order

5. (1) (a) If the complainant or the person acting on behalf of the complainant is unable to read or write or otherwise unable to complete the application form for a protection order (Form 6 of the Annexure to the Regulations), the clerk of the court must complete the application form on behalf of the complainant or that person.

(b) The clerk of the court must assist any complainant or person acting on behalf of the complainant with an online application for a protection order.

(2) If a clerk of the court completes the application form on behalf of a complainant or the person acting on behalf of the complainant as contemplated in directive 6(1), the clerk of the court must, after completion of the application form ensure that—

- (a) the application form is read out to the complainant or the person acting on behalf of the complainant;
- (b) the complainant or that person acknowledges the correctness of the content thereof; and
- (c) the application is commissioned.

(3) The clerk of the court must pertinently bring it to the attention of the complainant or the person not represented by a legal practitioner that—

- (a) supporting affidavits of persons who have knowledge of the matter may accompany the application;
- (b) evidence which may have a bearing on acts of domestic violence may, in the manner set out in the application for a protection order, be submitted to the court; and
- (c) if the complainant shares a residence with the respondent—
 - (i) a domestic violence safety monitoring notice may be applied for together with the application for a protection order, or thereafter but before a final protection order is issued; and
 - (ii) explain the purpose of the domestic violence safety monitoring notice and how it works.

General duties of clerk of court on receipt of application for a protection order

6. (1) If the application was lodged electronically on the electronic platform, the clerk of the court must—

- (a) allocate a file number; and
- (b) submit the application, any supporting affidavits and documents to the magistrate.

(2) If the application was lodged electronically but not on the electronic platform, the clerk of the court must—

- (a) open a file and allocate a file number;
- (b) acknowledge receipt thereof and notify the complainant electronically of the file number; and
- (c) hand the file to the magistrate.

Confidentiality of documents

7. Appropriate steps must be taken by clerks of the courts to ensure the confidentiality of all documentation and evidence that relate to proceedings in terms of the Act and the Regulations.

Service and forwarding of documents by clerks of court

8. (1) Clerks of the court must adhere strictly to time frames provided for in the Act and Regulations for the service or forwarding of documents.

(2) Where no specific time frame is provided for the service or forwarding of documents, such documents must be served or forwarded without delay.

(3) If there is a foreseeable delay that is beyond the control of the clerk of the court, that clerk must approach the magistrate for directions.

(4) Where service or forwarding of documents is required, the clerk of the court must do so by hand or electronically, or serve as specified in the order of court.

Disciplinary steps for failure to comply with directives

9. (1) The failure by court managers, office managers, supervisors and clerks of the courts to comply with these directives constitutes an act of misconduct.

(2) Chapter 2 of the Public Service Regulations, 2001, and the Disciplinary Code and Procedures for the Public Service (Resolution 2 of 1999), apply to an act of misconduct contemplated in directive 9(1).

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**NO. R. 3282****14 April 2023****WET OP GESINGSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN WET 1998)****VOORSKRIFTE INGEVOLGE ARTIKEL 18A VAN DIE WET OP GESINGSGEWELD, 1998**

Die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling het, ingevolge artikel 18A van die Wet op Gesinggeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998), die voorskrifte in die Bylae uitgereik.

BYLAE**Woordomskrywings**

1. In hierdie voorskrifte het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet toegewys is, daardie betekenis en, tensy die samehang andersins aandui, beteken—
'die Regulasies' die Gesinggeweldregulasies, 2022, uitgevaardig ingevolge artikel 19 van die Wet;
'die Wet' die Wet op Gesinggeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998);
'Direkteur-generaal' die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling;
'e-justisiestelsel' ook, maar is nie beperk nie tot, die geïntegreerde saakbestuurstelsel, aanlyn portaal, geïntegreerde elektroniese bewaarplek, beskermingsbevelbestuurstelsel en virtuele verhore;
'Kode' die Gedragskode vir klerke van die hof wat gesinggeweld hanteer; en
'naure' die ure buite die normale hofure, met inbegrip van tee- en middagetetye, naweke en openbare vakansiedae.

Voldoening aan Wet en Regulasies

2. (1) Hofbestuurders moet verseker dat kantoorbestuurders, toesighouers en klerke van die hof—
(a) bygewerkte kopieë van die Wet, die Regulasies, die Kode en hierdie voorskrifte ontvang; en
(b) basiese kennis opdoen van die Wet, die Regulasies, die Kode en hierdie voorskrifte en in staat is om dit toe te pas.
(2) Die hofbestuurders, kantoorbestuurders, toesighouers en klerke van die hof moet—
(a) hulle verpligtinge ingevolge die Wet, die Regulasies, die Kode en hierdie voorskrifte nakom; en
(b) jaarlikse opleiding oor die Wet, die Regulasies, die Kode, hierdie voorskrifte en die e-justisiestelsels en sosiale konteks bywoon.
(3) Hofbestuurders moet verseker dat—
(a) kantoorbestuurders, toesighouers en klerke van howe toegang het tot alle kennisgewings en vorms in die Wet en Regulasies beoog;
(b) kopieë beskikbaar is vir klaers of persone wat namens klaers aansoek doen;
(c) toesighouers en klerke van howe die nodige toerusting het om aanlyn aansoeke, virtuele verhore en nauurse aansoeke te hanteer;
(d) alle toerusting in 'n goeie werkende toestand is;
(e) 'n tolk gereël word vir enige persoon wat 'n tolk nodig het wanneer hy of sy om 'n beskermingsbevel aansoek doen, of tydens die aanhoor van enige aansoek; en

- (f) 'n tussenganger gereël word vir enige persoon wat 'n tussenganger tydens die aanhoor van enige aansoek benodig.

Beskikbaarheid van toesighouer en klerk van hof om na-uurse aansoeke om beskermingsbevele te ontvang

3. (1) Die hofbestuurder moet 'n na-urediensrooster vir elke maand opstel.
 (2) Die toesighouers en klerke van die howe moet die rooster volg.
 (3) Die hofbestuurder moet—
 (a) die opgedateerde maandelikse rooster na die stasiekommisarisse van die plaaslike polisiestasies stuur;
 (b) verseker dat dit op die kennisgewingbord van die hof vertoon word; en
 (c) dit op die webwerf van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling plaas.
 (4) Die maandelikse rooster moet die volgende bevat:
 (a) die kontakbesonderhede van alle toegewysde personeel vir elke skof met tye, dag, week of maand;
 (b) die naam en kontakbesonderhede van die toesighouer en klerke aan diens vir elke toegewysde skof met tye, dag, week of maand;
 (c) die naam en kontakbesonderhede van die hofbestuurder en kantoorbestuurder wat in 'n noodgeval gekontak kan word, of wanneer die klerk van die hof of toesighouer nie opgespoor kan word nie, wat moet help met aansoeke om beskermingsbevele; en
 (d) die inligting op die aanlyn portaal.
 (5) Die kontakbesonderhede moet telefoon- of selfoonnommer en e-posadres insluit waar hulle naure gekontak kan word.
 (6) Die hofbestuurder moet verseker dat die klerk van die hof wat naure aan diens is, die nodige toerusting het om nauurse aansoeke te hanteer, met inbegrip van aansoeke wat elektronies of op die aanlyn portaal ontvang word.
 (7) Die toesighouer en klerk van die hof wat aangewys is om pligte ingevolge die Wet naure te verrig, moet te alle aangewysde tye ingevolge die maandelikse rooster beschikbaar wees om telefonies of elektronies gekontak te word, om 'n aansoek om 'n beskermingsbevel te ontvang en om enige ander plig te verrig wat ingevolge die Wet, die Regulasies en hierdie voorskrifte aan 'n klerk van die hof opgelê word.
 (8) Die toesighouer aan diens of, indien nie teenwoordig nie, die hofbestuurder aan diens, het die verantwoordelikheid om 'n landdros te kontak wat aangewys is om 'n dringende aansoek om 'n beskermingsbevel wat naure gedoen word, te oorweeg.

Bystand wat klerk van hof moet verleen aan klaer of persoon wat om beskermingsbevel aansoek doen en wat nie regsverteenvoording het nie

4. (1) Ingevolge artikel 4(2) van die Wet en regulasie 8 van die Regulasies, is dit noodsaklik dat die inligtingskennisgewing (Vorm 1 van die Aanhangsel by die Regulasies), oorhandig word aan die klaer of persoon wat namens die klaer om 'n beskermingsbevel aansoek doen, wat nie regsverteenvoording het nie.

(2) Die inligtingskennisgewing moet aan die klaer of die persoon wat namens die klaer om 'n beskermingsbevel aansoek doen, verskaf word in die amptelike taal van die klaer of daardie persoon, indien beschikbaar, of wat hulle verstaan.

Bystand wat klerk van hof moet verleen aan klaer of persoon wat nie regsverteenvoording het nie met die voltooi van beskermingsbevel

5. (1) (a) Indien die klaer of die persoon wat namens die klaer handel, nie kan lees of skryf nie of andersins nie in staat is om die aansoekvorm om 'n beskermingsbevel in te vul nie (Vorm 6 van die Aanhangsel by die Regulasies), moet die klerk van die hof die aansoekvorm namens die klaer of daardie persoon invul.

(b) Die klerk van die hof moet enige klaer of persoon wat namens die klaer handel, bystaan met 'n aanlyn aansoek om 'n beskermingsbevel.

(2) Indien 'n klerk van die hof die aansoekvorm namens 'n klaer of die persoon wat namens die klaer optree, invul soos beoog in voorskrif 6(1), moet die klerk van die hof, ná voltooiing van die aansoekvorm, verseker dat—

- (a) die aansoekvorm aan die klaer of die persoon wat namens die klaer optree, voorgelees word;
- (b) die klaer of daardie persoon erken dat die inhoud daarvan korrek is; en
- (c) die aansoek gesertifiseer word.

(3) Die klerk van die hof moet dit spesifiek onder die aandag bring van die klaer of die persoon wat namens die klaer optree wat nie deur 'n regsverteenvoordiger verteenwoordig word nie dat—

- (a) stavende beëdigde verklarings van persone wat kennis oor die aangeleentheid dra, die aansoek kan vergesel;
- (b) getuienis wat strekking op handelinge van gesinsgeweld kan hê op die wyse in die aansoek om 'n beskermingsbevel uiteengesit, by die hof ingedien kan word; en
- (c) indien die klaer 'n woning met die respondent deel—
 - (i) aansoek gedoen kan word om 'n moniteringskennisgewing vir gesinsgeweldveiligheid saam met die aansoek om 'n beskermingsbevel, of daarna, maar voordat 'n finale beskermingsbevel uitgereik word; en
 - (ii) die doel van die moniteringskennisgewing vir gesinsgeweldveiligheid verduidelik en verduidelik hoe dit werk.

Algemene pligte van klerk van die hof by ontvangs van aansoek vir 'n beskermingsbevel

6. (1) Indien die aansoek elektronies op die elektroniese platform ingedien is, moet die klerk van die hof—

- (a) 'n lêernommer toewys; en
- (b) die aansoek, enige stavende beëdigde verklarings en dokumente aan die landdros voorlê.

(2) Indien die aansoek elektronies ingedien is, maar nie op die elektroniese platform nie, moet die klerk van die hof—

- (a) 'n lêer oopmaak en 'n lêernommer toewys;
- (b) ontvangs daarvan erken en die klaer elektronies laat weet wat die lêernommer is; en
- (c) die lêer aan die landdros oorhandig.

Vertroulikheid van dokumente

7. Gepaste stappe moet deur klerke van die howe gedoen word om te verseker dat die vertroulikheid van alle dokumentasie en getuienis wat met verrigtinge ingevolge die Wet en die Regulasies verband hou, verseker.

Betekening en aanstuur van dokumente deur klerke van hof

8. (1) Klerke van die hof moet streng hou by tydraamwerke waarvoor in die Wet en Regulasies voorsiening gemaak word waarbinne dokumente beteken of aangestuur moet word.

(2) Waar geen spesifieke tydraamwerk voorsien word vir die betekening of aanstuur van dokumente nie, moet sodanige dokumente onverwyld beteken of aangestuur word.

(3) Indien daar geen voorsienbare vertraging buite die beheer van die klerk van die hof is nie, moet daardie klerk die landdros vir opdragte nader.

(4) Waar dokumente beteken of aangestuur moet word, moet die klerk van die hof dit per hand of elektronies doen.

Dissiplinêre stappe vir versuim om aan voorskrifte te voldoen

9. (1) Versuim deur hofbestuurders, kantoorbestuurders, toesighouers en klerke van die howe om aan hierdie voorskrifte te voldoen, stel 'n handeling van wangedrag daar.

(2) Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, 2001, en die Dissiplinêre Kode en Prosedures vir die Staatsdiens (Resolusie 2 van 1999), is van toepassing op 'n handeling van wangedrag in voorskrif 9(1) beoog.

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**NO. R. 3283****14 April 2023****DOMESTIC VIOLENCE ACT, 1998****DETERMINATION OF VALUE OF WEAPON IN TERMS OF SECTION 9(3) OF THE
DOMESTIC VIOLENCE ACT, 1998 (ACT NO. 116 OF 1998)**

I, Ronald Ozzy Lamola, Minister of Justice and Correctional Services, under paragraph (i) of the proviso to section 9(3) of the Domestic Violence Act, 1998 (Act No. 116 of 1998), hereby determine the amount of R200 for the purposes of the said paragraph.

**MR RO LAMOLA, MP
MINISTER OF JUSTICE AND CORRECTIONAL SERVICES
DATE: 31 MARCH 2023**

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**NO. R. 3283****14 April 2023****WET OP GESINSGEWELD, 1998****VASSTELLING VAN WAARDE VAN WAPEN INGEVOLGE ARTIKEL 9(3) VAN DIE WET
OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)**

Ek, Ronald Ozzy Lamola, die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, stel hierby, ingevolge paragraaf (i) van die voorbehoudsbepaling tot artikel 9(3) van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998), die bedrag van R200 vas vir doeleindes van die gemelde paragraaf.

**MNR RO LAMOLA, LP
MINISTER VAN JUSTISIE EN KORREKTIEWE DIENSTE
DATUM: 31 MAART 2023**

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065